

LIONEL FOSTER

1ste Appellant

PAUL ARENDSE

2de Appellant

PIETER MOSES

3de Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPELAFDELING)

In die saak tussen:

LIONEL FOSTER

1ste Appellant

PAUL ARENDSE

2de Appellant

PIETER MOSES

3de Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

Coram: KOTZÉ, TRENGOVE et HOEXTER, ARR

Verhoor: 16 September 1985

Gelewer: 15 November 1985

U I T S P R A A K

KOTZÉ, AR :

In die provinsiale afdeling Kaap die Goeie Hoop

het...../2

het LATEGAN, R , en twee assessore die drie appellante skuldig bevind aan die moord (sonder versagtende omstandighede) te Grassy Park op Sondag 22 Mei 1983 van Jan-Johannes Smile (die oorledene). Benewens dit het gemelde Hof die tweede en derde appellante skuldig bevind aan 'n tweede aanklag: dat hulle die oorledene op dieselfde datum en plek (met verswarende omstandighede soos omskryf in art 1 van Wet 51 van 1977) beroof het van 'n bedrag kontant-geld. Wat die moord betref is al drie ter dood veroordeel en wat die roof betref is die tweede en derde appellante onderskeidelik tot agt en tien jaar gevangenisstraf gevonniss. Met verlof van die Hof a quo kom al drie in hoër beroep na hierdie Hof teen die skuldigbevindinge en vonnisse.

Die lyk van die oorledene is om 5.10 nm op 23 Mei 1983 deur 'n lid van die polisiemag, Rabie, in 'n beboste gebied in Grassy Park gevind. Daar was verskeie steekwonde op die bors en die keel was heeltemal afgesny. Daar was geen sleepmerke of tekens van 'n worsteling nie. Ook nie enige tekens van bloed nie. 'n Geneeskundige ondersoek na die oorsaak van die dood het benewens 'n gapende snywond oor die boonste gedeelte van die nek minstens 16 steek- en snywonde oor die borskas aan die lig gebring. Die dood het ingetree as gevolg van bloeding veroorsaak deur die snywond aan die nek en deur die ander snywonde (ongeveer 10cm lank) wat die hart en longe getref het. Dit blyk duidelik uit die getuienis dat die oorledene sterk onder die invloed van

drank...../4

drank was toe hy gesterf het.

Die getuienis wat by die verhoor afgelê is beslaan meer as 'n duisend bladsye. Dit is 'n onbegonne, maar gelukkig 'n onnodige, taak om in besonderhede te verwys na al die getuienis in die saak en na die ellelange kruisondervraging waarin die advokate vir die verdediging en die staat hul verlustig het. Die skuldigbevindinge berus in wese op die getuienis van een man - Brian Collins (ook bekend as MG). Hy sowel as die appellante (wat almal getuig het) en nog 'n paar ander persone wat getuig het, is ongure karakters: misdadigers, lede van misdaadbendes (hoofsaaklik die BFK's - die afkorting vir Born Free Kids - of faksies van die BFK's) en onwettige drank- en dwelmhandelaars. Die appellante

erken dat hulle teenwoordig was op die perseel waarna

Collins verwys het as die "yard" of jaart waarna later ver-

wys word, het van die staanspoor af aandadigheid aan die tenlaste-

gelegde misdade ontken, die ontkennings later onder eed herhaal en

die vraag wat die Hof a quo op die ou end moes beslis is of die

skuld van die appellante buite redelike twyfel bewys is.

Soos reeds hierbo gemeld berus die saak teen die

appellante in hoofsaak op Collins se getuienis. Slegs

in die geval van die eerste appellant word hy tot 'n mate

ook geïnkrimineer deur Ann Cornelius en Eva Felix. Met

hulle getuienis handel ek terstond. Hierdie twee vrouens

het die eerste appellant by die saak betrek deur te verklaar

dat hy hulle voorgesê het om die skuld van die moord op

die derde appellant te pak en aan die polisie te sê dat hy
(die eerste appellant) nie tuis was die naweek toe die moord
plaasgevind het nie en as hulle dit nie doen nie, hy hulle
sal "laat seermaak". Daar is geen suggestie dat hierdie
dreigement ernstig opgeneem is nie. Die Hof a quo het
bevind dat Eva dom en slu is en dat "dit hoogs gevaarlik
sal wees vir enige Hof om staat te maak op haar getuienis".
Hierdie oordeel pas in met die indruk wat die deurlees van
haar getuienis skep. Na my mening vereis oorwegings van
billikheid dat haar getuienis geïgnoreer word. Ann Cornelius
het die Verhoorhof gunstig beïndruk as 'n vrou "van ietwat
bo die gemiddelde intelligensie" wat "haar getuienis reguit,
rustig en baie positief oorgedra" het en "dat daar ...

tydens...../7

tydens indringende kruisverhoor geen werklike tekens was
dat sy enigiets probeer versin" het nie. Hierdie evaluasie
kom my bowemate welwillend voor. Ann Cornelius het twee
botsende verklarings aan die polisie gemaak. In die
eerste verklaring aan speurder Cornelissen het sy verklaar
dat die derde appellant die oorledene doodgemaak het.
Hierdie relaas het sy laat voortduur totdat Kapt Van der
Westhuizen die laaste stadium van die ondersoek oorgeneem
het en hy haar gekonfronteer het met sekere inligting wat
hy van Collins ontvang het. Sy het toe, volgens Van der
Westhuizen wie se getuienis heel tereg aanvaar is, erken dat
haar eerste verklaring vals is, en het toe met die storie
vorendag gekom dat die eerste appellant haar voorgesê het

om die derde appellant te impliseer. Daarna het sy die tweede verklaring gemaak. 'n Persoon wat op betreklik ongedwonge wyse so 'n ernstige leuen ten nadele van 'n ander kan vertel, se getuienis behoort, bloot op grond daarvan, met hoë agterdog bejeën te word. Dit blyk hoegenaamd nie uit die uitspraak dat die Hof a quo so 'n benadering toegepas het nie. Daar is minstens een ander aanduiding dat hierdie getuie in staat is om op blatante wyse haar aan onwaarheid skuldig te maak. Die tweede appellant en sy was intiem bevriend: hulle het saamgewoon en saamgeslaap totdat die tweede appellant in hegtenis geneem was. Volgens haar getuienis wou sy daarna hom nie uit haar eie in die gevangenis gaan besoek nie. Gedurende kruisondervraging het sy

gesê dat sy hom een keer, op sy versoek omdat hy inligting

aangaande MG wou bekom, by die gevangenis gaan besoek het..

Die kruisondervraer het dit aan haar gestel dat sy "so twee

weke" na sy inhegtenisname hom die eerste keer besoek het.

Sy het dit ontken en as rede aangegee dat sy daardie tyd

vir mev Isaacs gewerk het. Sy het nie geleentheid om 'n

besoek af te lê, gehad nie want sy "het nooit 'n afdag gekry

nie"; "Saterdag en Sondag ook"; sy het nie eers 'n "afmiddag"

gehad nie; sy het "dag en nag eintlik" gewerk. Kort daarna,

na voltooiing van die kruisondervraging, het die Verhoor-

regter 'n aantal vrae gevra wat antwoorde ontlok het wat heel-

temal onversoenbaar is met die getuienis gedurende kruisonder-

vraging. Ek haal aan:

"Maar...."/10

"Maar ek het jou verstaan om te sê dat jy kon nie vir nr 2 gaan besoek nie, want jy het daardie tyd vir Mrs Isaacs gewerk? --- Nee meneer.

Dan het ek verkeerd verstaan, vir wie het jy dan toe gewerk? --- Daardie tyd het ek vir mev. Boshoff gewerk.

Mev. Boshoff? --- Korrek meneer.

Is dit by haar wat jy nie afgekry het nie? --- By haar het ek elke dag gewerk, Saterdag, maar Sondag het ek afgekry.

Saterdag het jy afgekry? --- Korrek, ek het gewerk tot twee-uur toe.

Maar die advokaat het vir jou gevra maar hoekom het jy nie die man gaan besoek in die tronk nie? --- Want Saterdag, toe het hulle nog nie straf gehad nie Edelaagbare.

Hmm? --- Toe was hulle nog nie gestraf nie Edelaagbare.

Maar hulle is toe al in die tronk?

--- Korrek Edelaagbare.

Waar het jy gewerk daardie eerste twee maande wat hy in die tronk was?

--- Toe het ek nog nie gewerk nie.

Toe het jy glad nie werk gehad
nie? --- Nee Edelagbare.

Ek sien, maar jy het netnou
gesê jy kon hom nie gaan besoek nie,
want jy het gewerk? --- Hoe het
Edelagbare nou die saak verstaan?

Ek het jou netnou verstaan om
te sê jy kon hom nie gaan besoek
nie, want jy het gewerk daardie
tyd? --- Ja, daardie tyd toe het
ek -'char'.

-'char'? --- Korrek."

Spesifiek in hierdie verband lui die uitspraak as

volg:

"Sy het onder andere ook getuig dat
sy deur nommer 2 beskuldigde, wat
sal onthou word, haar vriend is,
ontbied

is na die tronk toe waar hy aangehou was te Pollsmoor. Beskuldigde nommer 2 het 'n opmerklike belangstelling getoon in die doen en late van 'MG' en haar uitgevra oor sy bewegings. Terloops, hierdie getuienis was later deur nommer 2 ontken, in dié sin dat hy sê sy was wel daar maar sy het hom uit haar eie uit kom besoek en sy het heeltemal iets anders aan hom kom vertel as wat sy beweer het.

Toe sy ondervra was oor hoekom sy nie meer dikwels of dan voor daardie geleentheid vir nommer 2 gaan besoek het nie, het sy gesê dat sy te besig was met haar werk en in elk geval het sy ook 'n afkeur daarin gehad om vir beskuldigde nommer 2 in daardie plek te gaan besoek. Ons het die indruk gekry dat wat sy werklik sê is dat sy haarself gedistansieër het van beskuldigde nommer 2 en in haar eie gemoed hierdie nouer verbintenis wat tussen hulle bestaan het verbreek het. Sy het egter voortgegaan om te sê dat sy

by 'n sekere vrou gewerk het, dat sy feitlik elke dag van die week op diens moes wees en dat sy dus nie die tyd gevind het, sy nie kon afkry by haar werk, om vir nommer 2 te gaan besoek nie. Dit het later egter geblyk uit verdere vrae dat sy op daardie stadium waar sy beweer dat sy nie uit haar werk uit kon afkry nie, inderdaad nie vir die vrou gewerk het nie.

Die Hof het ten tye van hierdie ondervraging die indruk gekry dat sy verward was. Dit is kritiek teen die kwaliteit van haar getuienis waaroor ons ernstig besin het. Dit is geldige kritiek en ons kan nie ligtelik daaroor heenskeer nie. Ons is egter oortuig, geoordeel aan die hand van die totale indruk wat sy gemaak het, dat sy aan ons die waarheid vertel het in soverre sy getuig het oor haar opdragte deur nommer 1 en ook haar besoek aan nommer 2, selfs in die lig van hierdie kritiek wat teen haar gebring kan word dat sy

haarself weerspreek het oor een van
die redes waarom sy beskuldigde
nommer 2 nie gaan besoek het nie."

Ek kan met eerbied nie instem met die bevinding dat sy
as 'n geloofwaardige getuie bestempel kan word nie; na my mening,
soos ek reeds opgemerk het, is die Hof a quo se beoordeling bowemate
welwillend en behoort ook haar getuienis geïgnoreer te word. Dit
volg uit voorgaande dat, ook in sy geval, die saak teen eerste appel-
lant wesentlik staan of val op Collins se getuienis.

Ek gaan nou oor tot die besprekeing van Collins se
getuienis. Hy het 'n gruwelike storie vertel wat ek slegs
in breë trekke weergee. Die bepalings van art 204 van die Strafproses-
wet is vir een of ander rede nie met betrekking tot hom in werking

gestel nie. Hy het getuig dat hy saam met die drie
appellante gewoon het by eerste appellant se huis te Ser-
wendelaan, Lotusrivier. In die jaart van daardie huis
word gedobbel en drank en dagga verkoop. Op die betrokke
dag het hy "uit 'n hokkie" in die jaart drank en dagga namens
die eerste appellant verkoop. In die namiddag het die
oorledene, in 'n beskonke toestand, die potgeld in 'n dobbel-
spel gewen. Hy het 'n versoek van die tweede en derde
appellante om 'n bydrae uit sy winste te maak, verwerp. As
gevolg het die derde appellant by 'n afdak in die jaart
sy bene onder hom uitgeskop en met behulp van die tweede
appellant hom van sy geld beroof. Die oorledene wou toe
die jaart verlaat maar die derde appellant het hom terug-

getrek, die hek agter hom toegemaak en Collins aangesê om
n graaf te gaan haal. Collins het dit gedoen en met die
graaf het die derde appellant n paar bakstene waarmee die
afdak bevloer was, uitgelig en n gat in die grond gegrawe.
Teenoor die gat het hy n slagplek geïmproviseer deur n sink-
plaat op n 5 liter verfdrom te plaas sodat die bo-ent daar-
van in die lug oor die gat hang en die onderent op die grond
staan. Nadat die oorledene vasgevat was, het die eerste en
tweede appellant hom op sy rug op die skuins plaat neergelê
met sy kop aan die hoë kant. Die eerste appellant het op sy bors gaan
sit en die tweede appellant op sy bene. Die tweede appellant het n
mes, 15 duim lang, te voorskyn gebring en aan die derde appellant
oorhandig. Laasgenoemde het die oorledene

se kop agter by die sinkplaat afgedruk en sy keel "oop" gesny.

Die bloed het in die gat gestroom. Die derde appellant

het die mes aan die eerste appellant oorhandig en hy het

die oorledene toe "meer as twee keer" in die bors gesteek.

Na hy "uitgebloeï"het, het al drie appellante hom in 'n kom-

bers toegedraai en by die vuilgoedhoop agter in die jaart

gaan neersit. Die son was reeds onder. Die volgende

oggend was die lyk nie meer daar nie. Eers die aand het

hy die lyk "by die bos" gesien. Dit is gemeensaak dat

hierdie plek ongeveer 'n halfmyl van die plek af is waar

Collins beweer die slagting plaasgevind het. Hier was daar

nie tekens van bloed of 'n worsteling nie.

Raymond Davids (sy bynaam is Spyker) is 'n self-

erkende polisieberiggewer. Dit is deur sy bemiddeling, sê Collins, wat hy aan die polisie inligting verskaf het wat die appellante by die misdaad betrek het. Gedurende kruis-
ondervraging van Collins het dit geblyk dat hy self aanvanklik as verdagte aangehou was, dat hy vir ongeveer vier maande lank die stilswye bewaar het ofskoon hy pertinent deur die polisie i v m die misdade ondervra is en dat hy sy inligting eers aan Spyker oorgedra het nadat die drie appellante in verband met 'n ander aangeleentheid, as gevolg van Spyker se toedoen, aangehou was. Hy was, so het hy verduidelik, bang dat hulle hom sou leed aandoen indien hy hulle betrek het terwyl hulle nog op vrye voet was. Volgens Collins se eie erkenning was hy self 'n deelnemer: benewens die

graaf te gaan haal het hy ook wag gestaan terwyl die moord
ten uitvoer gebring is en mense by die hek van die perseel
af gehou. Collins was gevra waarom hy ongeveer drie weke
na die pleeg van die moord die eerste appellant se plek
verlaat het en by 'n naburige plaas gaan woon het - sy ver-
duideliking was dat die eerste en tweede appellante hom wou
om die lewe bring en dat hulle dit sou gedoen het "was dit
nie vir die vroumense in die yard nie". Die rede, so het hy
gesê, waarom hulle hom wou doodmaak was "om hulle geweet
het ... ek gaan een dag praat ...". Na hy sy intrek by
die plaas geneem het, het die eerste appellant met sekere
van sy ondersteuners op 'n geleentheid daarheen gegaan om
hom om die lewe te bring maar omdat eerste appellant stry

gekry het met ene Norman Booysen is daardie plan nie
voltrek nie. Hy (eerste appellant) het padgegee toe
die eienaar van die plaas ontbied is.

Spyker, hierbo reeds na verwys, en Daniel Jacobs -
beter bekend as Kaffer Des in die kringe wat betrokke is
in hierdie saak - het ook namens die Staat getuig. Hulle
het insinuasies van en namens die appellante dat laasgenoemde
die hoofleier van die BFK's is, dat eersgenoemde sy "agter-
ryer" is en dat hulle twee vanweë hulle bose gesindheid
teenoor die appellante met MG saamgesweer het om die appellante
valslik te inkrimineer, ten sterkste ontken. Ofskoon
Spyker en Kaffer Des nie ruiterlik wou erken dat hulle

vyandiggesind...../21

vyandiggesind teenoor die appellante is nie, kan daar met veiligheid aanvaar word dat hulle minstens nie van die appellante hou nie: Spyker het vertel dat die eerste appellant "en sy manne" sy motor by 'n geleentheid aan die brand gesteeke het en dit blyk ook uit Collins se getuienis dat Spyker minstens meegewerk het tot die inhegtenisname van die appellante in hierdie en 'n ander saak. Kaffer Des het, op sy beurt, beweer dat die eerste appellant en nog omtrent dertig mense hom gedurende 1982 aangerand het.

Omdat Collins 'n enkelgetuie tot die betrokke misdade is, 'n selferkende lid van 'n bende is wat oortredings van die wet pleeg, 'n medepligtige is aan die tenlastegelegde oortredings en omdat hy die appellante in samewerking met

die beroepsverklikker, Spyker, by die pleeg van die moord
en die rowe betrek het word vereis dat daar met uitsonderlike
noukeurigheid ondersoek word of sy getuienis betroubaar
is en, bo alles, of die Hof a quo die besondere risiko
verbonde aan sy getuienis behoorlik besef het by die aanvaar-
ding daarvan. (Vgl by Rex v Ncanana, 1948(4) SA 399 op
405-6, R v Bellingham, 1955(2) SA 566(A) op 569; R v Mokoena,
1956(3) SA 81(A) op 85-86; S v Malinga and others, 1963(1)
SA 692(A) op 693-4; S v Hlapezula and others, 1965(4) SA
439(A) op 440-1; S v Sauls, 1981(3) SA 172(A) op 180).

Die veiligste aanduiding dat sodanige besef wel teenwoordig
was, word, soos SCHREINER, AR opgemerk het in Rex v Manda,
1951(3) SA 158(A) op 163 E-F, gevind in die Hof a quo se

uitgesproke redes. Dit is nie voldoende dat 'n verhoorhof bloot verklaar dat getuienis van hierdie aard versigtige benadering ontvang het nie; die verklaarde redes moet dit demonstreer en daar bewys van lewer. Of dit in die onderhawige saak met betrekking tot Collins se getuienis gebeur het, oorweeg ek onmiddellik.

In sy uitspraak verwys LATEGAN, R na Collins as 'n "jong kêreltjie" - hy was gedurende Oktober 1984, 22 jaar oud - en ter staving van die bevinding dat hy "die waarheid gepraat het" verklaar hy by herhaling hoe versigtig die Hof sy getuienis oorweeg het: "uiteraard omdat hy 'n enkelgetuie is ... en uiteraard vanweë hierdie bewerings ... oor sy verbintenis met Kaffer Des ... het ons van meet af aan hierdie

getuie met baie groot versigtigheid benader"; "ons moes
baie deeglik rekening hou met die gebreke van hierdie getuie";
"ons het oor hierdie getuie ... ons eie gemoed ... en waar-
nemings lank en ernstig ondersoek"; ons het die getuienis
so deeglik soos wat ons kan gefynkam en ons het hierdie
waarskuwingsligte wat teen hom flikker baie deeglik in ag
geneem by die beoordeling van die meriete of gebrek aan
meriete van sy getuienis"; "ons het in gedagte gehou dat die
suggestie teen hom basies is dat hy hom geleen het tot 'n
sameswering om drie onskuldige oudmakkers op 'n valse wyse moontlik
galg toe te laat stuur"; "ons moet ons self oortuig dat sy
getuienis van so 'n gehalte is dat ons dit met gerusstelling
in ons eie gemoed kan aanvaar as bewys van die feite waaroor

hy getuig". (Daar is nog ander voorbeelde). Dit is opvallend dat, ten spyte van hierdie herhaalde betuigings van versigtige benadering en diepe besinning, die uitspraak nie juis 'n ontleding van die getuienis van Collins bevat wat daarop dui dat daar begrip bestaan het vir die gevaar van valse inkriminasie en dat daar in der waarheid ag geslaan is op die aandrang, soos neergelê in Ncanana se saak (supra), op risiko-verminderde faktore by die beoordeling van die getuienis van medepligtiges of getuies van swak karakter. Volgens Collins se eie eufemistiese erkenning het hy as lid van die BFK bende "dinge gedoen wat hy nie moes gedoen het nie" soos bv die stukkend slaan van ruite by mense se huise en die pleeg van aanrandings. Hy was

gevonnis tot aanhouding in die verbeteringskool te Tokai
waar sy lidmaatskap van die BFK bende begin het. Daar is
in sy eie getuienis aanduidings dat hy deel gehad het aan
die steel van skape en die verberging van oorblyfsels daarvan.
Die uitspraak handel geensins met die uitwerking wat hierdie
kladde op Collins se karakter op sy getuienis en geloof-
waardigheid het nie. Dit is, na my mening, 'n ernstige
leemte in die uitspraak wat daarop dui dat die Hof a quo
nie die inherente gevare wat in so 'n persoon se getuienis
skuil, na behore ingesien het nie.

'n Verder leemte in die Hof a quo se benadering
tot en aanvaarding van Collins se getuienis is dat die
uitspraak nie aantoon dat daar voldoende besef was vir

Collins se onopenhartige houding met betrekking to sy ver-
houding met Spyker nie. Die Verhoorhof het weliswaar inge-
sien dat dit 'n vraag van kardinale belang is of hy moontlik
beïnvloed kon gewees het deur Kaffer Des en Spyker maar,
weer eens, bevat die uitspraak nie 'n diepsinnige ontleding
van die relevante getuienis in hierdie verband nie. So 'n ontleding
dui aan dat Collins nie oop kaarte met die Verhoorhof gespeel het nie.
By die deurlees van sy getuienis soek 'n mens tevergeefs
na die werklike rede waarom hy via Spyker by die polisie
uitgekom het. Sy antwoord is herhaaldelik afwykend en on-
duidelik. Aanvanklik, tydens kruisondervraging deur eerste
appellant se advokaat, antwoord hy as volg:

"Waarom het jy aan Spyker, waarom het

jy Spyker gekies om die waarheid aan hom te vertel? --- Nee, ek het nie vir Spyker gekies nie meneer. Ek het vir hom gevra meneer, toe sê hy vir my hy gaan vir my neem na 'n beter plek, as ek nie hier by die polisie-stasie wil praat nie meneer.

Maar waarom het jy presies Spyker genader? --- Want ek het geweet hy gaan my neem tot daar wat ek wil wees meneer.

Jy het geweet hy gaan jou neem waar jy wil gaan? --- Ja meneer.

Hoe het jy dit geweet? --- Meneer?

Hoe het jy dit geweet? --- Hoe sê hy vir my meneer nou?

Wat het jou so laat dink dat hy jou gaan neem na waar jy na toe wil gaan? --- Meneer, omdat ek die ding saam met hom gepraat het meneer. Toe sê hy vir my meneer.

Dit was nadat jy met hom gepraat het? --- Ja meneer, toe sê hy ...

Jy het hom net van aansien geken? Is dit reg? --- Ja meneer."

Daarna, in antwoord op vrae van tweede appellant se advokaat:

"Hoekom het hy na Spyker toe gegaan.

Hoekom het jy vir Spyker gaan vertel?

--- Meneer, ek het vir Spyker gaan vertel meneer, omdat ek geweet het Spyker - ek het vir Spyker gesê Spyker kyk hier, ek weet van daardie moord in die 'yard' in, maar ek wil nie na Grassy Park se polisiestatie toe gaan nie. Toe sê Spyker vir my, 'all right' hy gaan 'n speurder bel, dan moet ek die speurder vertel van die ding meneer. Toe bel hy die speurder. Toe kom die speurder tot daar. Toe sê die speurder vir Spyker, dat Spyker my moet Grassy Park se polisiestatie toe neem. Toe het Spyker my nie geneem nie, toe vat die baas van die werk my die Dinsdagoggend self na Grassy Park se polisiestatie toe meneer.

Ja, maar dit is nie eintlik die plek waar jy wou gegaan het nie? --- Ja meneer.

Jy wou nie soontoe gegaan het nie? --- Ja meneer.

En dit is ook die rede waarom jy na Spyker toe gegaan het, omdat jy het vir hom gevra hy moet jou bietjie na 'n ander polisiestasie toe vat? --- Ja meneer.

...

Maar hoekom dink jy nou juis Spyker sal jou help? Om jou nie na Grassy Park toe te vat nie? -- Meneer, want ek wil nie daarnatoe gegaan het nie meneer en ek het vir hom gevra meneer, ek wil nie daarnatoe gegaan het nie. Toe vra ek vir hom ...

Ja, maar hoekom sal hy nou juis, hoekom is hy nou juis die man wat vir jou - jy kan mos self na 'n ander polisiestasie toe loop? --- Meneer, ek het gehoor Grassy Park se boere, hy het nie dat Grassy Park se boere, se polisiemanne vir hulle optel nie meneer. Hy het by 'n ander polisiestasie gegaan meneer, dat hulle moet opgetel gewees het meneer."

Collins het aanvanklik ook 'n leuen vertel in verband met die

feit dat Spyker hom op 17 Oktober 1984 Hof toe gebring het.

Kort na die aanvang van verrigtinge op gemelde datum is hy

gevra "hoe het jy vandag hof toe gekom?" Die antwoord was

h teëvraag: "meneer?" Die advokaat het die vraag herhaal.

Die antwoord was: "die speurder wat ons gisteroggend hof

toe gebring het". h Tydjie later, toe h ander advokaat

kruisondervraging voortgesit het, gebeur die volgende:

"Dit is die wit Kombi hier buitekant?

--- Ja Meneer.

Wat maak hy hier buitekant? ---

Meneer, Spyker het saam met die Kombi gekom meneer.

Saam met jou ook? --- Ja meneer.

Het hy jou gebring vanoggend? ---

Ja meneer, die polisieman het gister wat ons klaargemaak het hier meneer.

Toe sê die speurder wat ons gebring het meneer, toe vra die speurder vir hom

of daar plek is vir ons. Of hy nie vir ons kan saamvat nie en of hy ons nie môreoggend weer kan deurbring nie, toe sê hy hy kan kyk om vir ons môreoggend weer deur te bring, daarvoor het hy ons vanoggend weer saamgebring en huis toe gevat meneer.

En het hy jou gister ook gebring?

--- Hy het my nie gister gebring nie meneer.

O, het hy jou nie gister gebring nie? --- Nee meneer.

Maar jy het dan vir ons nie die waarheid vertel, toe jy vir ons netnou gesê het dat die polisie jou vanoggend gebring het nie? --- Ek het nie gesê, meneer het nie reg geluister nie. Ek het nie die storie klaar vertel nie meneer.

Nee, maar vertel ons dan die storie klaar? --- Meneer, die polisieman het vir Spyker gevra meneer, of daar plek is vir ons meneer en dat hy vir ons, as daar plek is vir ons, dan moet hy vir ons huis toe neem meneer en toe vra die polisieman vir hom, of hy

vir ons vanoggend kan optel meneer. Toe sê hy ja meneer, hy kan vir ons deurbring meneer. Toe sê die polisieman vir hom as daar enige 'mistakes' kom, dan moet hy vir die speurder bel meneer en toe kom ons sommer saam met hom deur.

Goed, jy sê ons het nie eintlik vir jou kans gegee om jou antwoord volledig te gee nie né? --- Ja meneer.

En wat was die vraag? --- Meneer, ek kan nie nou onthou ..

Wat was die vraag wat my Geleerde Vriend hier langs my vir jou gevra het? --- Meneer, hy het gevra hoe ek hier gekom het vanoggend meneer.

Ja, dit is reg, dit is wat hy vir jou gevra het? --- Toe wil ek hom vertel meneer, maar meneer was te vinnig gewees. Ek kan nie klaar vertel het nie, hoe kom dit dat ek saam met daardie man hier kom vanoggend nie.

Maar jy praat ook aanmekaar. So wat was die vraag. Hy het vir jou gevra hoe het jy vanoggend hier gekom? --- Ja meneer.

Hoekom het jy nie vir hom gesê

ek het saam met Spyker gekom nie? ---
Meneer, ek wil hom vertel het hoekom
ek saam met Spyker gekom het meneer.

O, jy wil nie gehad het hy moet
dalk verkeerd dink nie? -- Ja meneer,
ek wil hom vertel het hoekom ek saam
met Spyker gekom het, hoekom ek sal
nie saam met ...

Nou hoekom sal hy verkeerd dink?

--- Meneer, ek sal nie saam met
Spyker gekom het nie, as die speurder
nie gesê het hy moet vir ons opbring
nie meneer, dan sal ek nie saam met
hom gekom het nie.

Hoekom sal hy verkeerd dink?

Hoekom sal hy verkeerd dink as jy vir
hom sê net sê jy het saam met Spyker
gekom? --- Meneer het te vinnig gevra
meneer.

Vra ek nou vir jou te vinnig?

--- Daardie vraag vir my te vinnig
gevra.

Jy het nou gesê hy sal dalk ver-
keerd dink as jy vir hom reguit sê
jy het saam met Spyker gekom, nou
hoekom sal hy verkeerd dink? --- Ek

sê nie hy sal verkeerd dink nie meneer.

Nou wat sal hy gedink het? ---

Meneer?

Nou wat sal hy gedink het as jy vir hom sê jy het saam met Spyker gekom? --- Hy kan niks dink nie meneer."

Collins se afwykende houding in verband met sy aanklop

by Spyker en sy aanvanklike poging om te verswyg dat Spyker

hom aangery het na die Hof toe, wek, om die minste daarvan

te sê, 'n sterk suspisie dat hy nou verbind was met Spyker

en met hom meegewerk het. Sy gebrek aan openhartigheid

en eerlikheid het oënskynlik die Hof a quo nie ernstig getref

nie en wek twyfel of die bevinding dat hy die waarheid ge-

praat het 'n korrekte bevinding is.

'n Verdere punt van kritiek teen die aanvaarding van

Collins se getuienis is die merkwaardige benadering van die Hof a quo, soos weerspieël in die uitspraak, tot sy rol as medepligtige. Aan die een kant meld die uitspraak dat dit uit Collins se eie verhaal blyk dat hy 'n medepligtige was wat kon weggehardloop het, geweier het om opdragte uit te voer en dat dit 'n "probleem" skep; daarenteen minimaliseer die Hof a quo tot 'n mate sy medepligtigheid deur klem daarop te lê dat hy, volgens sy ipse dixit, nie "in 'n direkte sin en met direkte begeerte" deelgeneem het aan die moord nie en dat alhoewel hy kon weggehardloop het, sy "geredelike bereidwilligheid om opdragte uit te voer, 'n aanduiding (is) van die mate van onderdanigheid waarin hy (die jong kêrel-tjie) geleef het vis-a-vis" die appellaante. Die verdere

ontplooing van laasgenoemde standpunt openbaar n denkrig-
ting in verband met die versigtigheidsreël sover dit medeplig-
tiges betref wat nie maklik te begryp is nie:

"Dit het ons dadelik voorgekom, en ek
noem dit onmiddellik, dat n persoon
wat voorgesê word, soos hier beweer
word, om n suiwer opgemaakte storie
soos hierdie te kom vertel, redelik-
erwys geoordeel, beswaarlik homself
tot dieselfde mate as wat Collins ge-
doen het n eie aandeel en medeplig-
theid in die pleging van die misdryf
sal gee. Dit sou seer sekerlik,
as dit korrek is dat sy storie n ver-
sinsel is, vir hom baie makliker gewees
het om homself in n rol te plaas waar
hy gedistansieër word van enige aan-
dadigheid in enige vorm tot die pleging
van die misdryf. Ons vind dit vreemd,
uit die hoek van hierdie suggestie
van valse versinsel geoordeel om die

minste te sê, dat dié versinsel ook
in eie inkriminerings van die getuie
self bevat.

Telkens wanneer oor die getuienis
van in medepligtige besin moet word,
moet die Hof teruggaan na die basiese
rede vir die vereistes van versigtige
benadering. In die geval van in mede-
pligtige is dit klaarblyklik omdat die
gevaar altyd daar bestaan dat hy ander
mense mag inkrimineer om homself
te veronskuldig of bevoordeel. Ons
vind hier dat die getuie homself inder-
daad inkrimineer, sonder dat hy, so
lui die Staatsaak, op enige wyse onder
druk geplaas was deur enigiemand, be-
halwe die seun van die oorledene, om
te openbaar wat hy geweet het van die
moord. In die normale loop van sake,
met uitsonderings, moet ek sê, vind
in mens in die Howe waar medepligtiges
getuienis gee dat daar vanweë veelvul-
dige persone wat aan in misdryf deelge-
neem het en veelvuldige arrestasies

wat daarna gevolg het en vanweë sekere prima facie inkriminerende getuienis teen die medepligtiges self, dat hy uiteindelik dan besluit om as medepligtige getuienis vir die Staat te gee.

Hierdie faktore is tot 'n hoë mate afwesig by die getuie Collins. Hy was weliswaar tot 'n mate onder druk geplaas deur die seun van die oorledene, maar dan sal ook dadelik in gedagte gehou word dat die oorledene se seun geen werklike feite gehad het waarmee hy hom kon inkrimineer nie, dit kon hoogstens die uitspreek van 'n suspisie teenoor die polisie gewees het deur die seun dat 'MG' iets te doen gehad het met die moord, maar 'MG' het geweet die seun van die oorledene was nie by nie en hy kan suspisies teenoor die polisie opper tot hy blou in sy gesig is, maar solank hy nie feite het om hom te inkrimineer nie kan die polisie hom hoogstens daarvan beskuldig dat hy iets weet en niks verder nie. In

daardie sin was die druk wat oorledene se seun op 'MG' geplaas het om te praat nie van dieselfde intensiteit en gehalte, as ek die woorde gehalte mag gebruik, as wat normaalweg bestaan in die geval van 'n gewone medepligtige nie. Trouens; deur aan die polisie te openbaar dat hy self 'n mindere rol gespeel het, maar tog nog altyd 'n rolgespeel het van medepligtigheid in die moord, het 'MG' die risiko geloop dat hy seer sekerlik self ook aangekla mag gewees het aan hierdie moord. Daar is geen getuienis voor ons dat 'MG' die versekering gehad het van enigiemand dat hy hom nie self eventueel in die beskuldigdebank gaan bevind nie en dat wie ook al die vervolgende gesag was daardie tyd, nie dalk een van die ander beskuldigdes vir wie hy geïnkrimineer het as getuie teen hom self kon gebruik nie. Daarom, in ons oordeel, is die feit dat hy homself as medepligtige openbaar het in die misdryf 'n faktor wat op 'n besondere

wyse spreek teen die suggestie dat hy in die uitvoering van 'n sameswering valse getuienis voor die Hof gebring het en dat hy dit gedoen het, op aandrang en ter knieval van 'Kaffer Des' en sy agterryer, 'Spyker'."

Hierdie benadering tref 'n onderskeid tussen Collins in die onderhawige saak en die "geval van 'n gewone medepligtige"

en ontleen in werklikheid uit blote mededaderskap steun

vir die bevinding dat hy nie deel is van 'n sameswering nie.

As sodanig verontagsaam die Hof a quo die aandrang op risiko-

verminderende faktore by die beoordeling van medepligtige

getuienis soos neergelê in Rex v Ncanana, supra. Die gevaar

in die geval van Collins dat hy ander valslik kan inkrimineer

en in die plek van werklike boosdoeners plaas of dat hy sy

leuens so kan inklee dat hulle die skyn van waarheid dra is net so groot as in die geval van enige ander deelnemer in 'n misdaad. Dit, so kom dit my voor, het die Hof a quo nie besef nie en die benadering dat dit "vreemd" is dat hy homself inkrimineer gaan nie op nie: die rol wat hy aan homself toegeken het is 'n minderwaardige rol. Vermoedelik sou Collins wel deeglik besef dat in die kringe waarin hy beweeg selfs 'n getroue vriend hom geredelik en sonder veel gewetenswroeging kan verraai en dat samewerking met die Staat en verklikkers aan hom veilige vrywaring kan bied. Dit blyk nie uit die uitspraak dat die Hof a quo dit oorweeg het nie.

'n Laaste punt van kritiek teen die aanvaarding

van Collins se getuienis, is dat die Hof a quo ligtelik sy verduideliking aanvaar waarom hy vir vier maande lank die swye bewaar het ten aansien van die appellante se beweerde betrokkenheid. In hiërdie verband lui die uitspraak:

"n Verdere vraag waarmee ons moes handel en wat ons trompop moes ontmoet in ons beoordeling van hierdie getuie, is hoekom hy vir vier maande lank gewag het voordat hy sy kennis aan die polisie openbaar het? In ons oordeel het 'MG' oortuigende en aanvaarbare redes gegee waarom hy hierdie vier maande gewag het. Ons het in ag gehou die feit dat hy 'n jong kêreltjie is, dat hy 'n ondergeskikte was, maar 'n klein mannetjie in hierdie misdadige kultuur en wêreld waarin hy geleef het, 'n wêreld waarin, so kom dit ons voor, 'n man se lewe ook in elk geval nie veel werd was nie en waarin moraliteit ook nie 'n baie belangrike

rol gespeel het nie. Dit kom ons voor dat sy versekering aan hierdie Hof dat hy bevrees was, inderdaad op vaste skroewe gestaan het, dat daar inderdaad grondige rede was vir hom, as ons oordeel aan die hand van al die getuienis wat ons hier gehoor het om te vrees dat hy self ook uit die weg geruim gaan word, omdat hy 'n bedreiging was en steeds solank hy geleef het 'n bedreiging sou wees vir die drie beskuldigdes, wat hy sê die moord gepleeg het. Dat daar altyd die gevaar bestaan het in die gemoed van daardie drie manne teen wie hy getuig, dat hy kon 'praat'.

Dit is so, en dit is al drie van ons se ervaring, my twee assessore synde beide baie ervare en onderlegde regspraktisyne, dat in hierdie bendekultuur 'n man se lewe soms verkoop word vir baie min of verdiskonteer word vir 'n baie klein prys. Dit kom ons voor uit ons eie ervaring en ook geoordeel aan die hand van die getuienis

voor ons, dat dit inderdaad in daardie besondere wêreld waarin hy hom bevind het groot moed sou kos vir enige man om op te staan en 'n vinger te wys. Om die vinger te lê op een van jou medebendeledede en om trouens die vinger te lê op jou leier vir die pleging van 'n moord, sou 'n onvergeeflike sonde kon wees, geoordeel die aard van die bendestruktuur waarin hy hom bevind het. Dit kon fataal wees en is moontlik selfs nou nog fataal vir hom. In die lig hiervan is dit dan ook nie vir ons vreemd dat dit met groot huiwering en na baie wroeging was wat hierdie klein mannetjie uiteindelik die moed bymekaar geskraap het, na so 'n lang tydperk, om sy verhaal aan die polisie te gaan vertel nie en dit te gaan vertel op so 'n wyse dat hy self inderdaad geïnkrimineer word in die handeling waarvoor hy verhaal."

Collins het in sy getuienis erken dat hy oorspronklik en

kort na die pleeg van die misdaad aan speurder Cornelissen
gesê het dat hy "nie 'n dooie woord" van die moord weet nie.

Daarna, so gee hy uiteindelik voor, het hy vir vier maande
lank met die kennis dat die drie appellante die boosdoeners
is in sy gemoed rondgeloop, voor hy hom ontboesem het.

Gedurende hoofondervraging was sy getuienis dat hy aanvanklik

nie vir die polisie iets gesê het nie omdat hy bang was

vir die appellante maar dat hy dit na die verloop van vier

maande aan Spyker vertel het nadat hy (Spyker) die appellante

"laat optel het". Gedurende kruisondervraging het sy ge-

tuienis 'n ander kleur aangeneem. Toe het hy vertel dat hy

op 'n Donderdag in September 1983 gehoor het dat die appellante

gevang is in verband met 'n ander moordsaak. Op die Sondag

daarna...../47

daarna het hy aan Spyker en oorledene se seun vertel dat hy alles weet. Hy was uiters onseker oor die volgorde waarin hy hulle vertel het: aanvanklik dat hy vroeg die oggend vir Spyker vertel het en daarna om 10vm vir die seun; kort daarna het hy die volgorde omgedraai en toe weer sê hy "ek weet nou nie of ek vir Spyker eerste gesê het" en feitlik onmiddellik daarna dat hy "seker" is dat hy die eerste vir die seun gesê het. Op hierdie stadium, d w s gedurende kruisondervraging, het hy 'n ander rede voorgehou waarom hy die inligting verskaf het: hy het gesien dat die seun, met wie hy saamgewerk het "treur" oor sy pa - "dit is op dié manier wat ek uitgekom het met die ding". Dit is 'n heel ander rede vir sy optrede. Teen die geheel agtergrond van Collins

se getuienis blyk dit dus dat hy verklaar het dat hy wel bevrees was en die swye bewaar het tot die appellante agter slot en grendel was maar dat sy meegevoel vir die treurende seun ook 'n daadwerklike rol gespeel het in sy besluit om die aap uit die mou te laat. In die passasie in die uitspraak hierbo aangehaal word bevind dat "hierdie klein mannetjie" se vrees die "vaste skroewe" is waarop die verduideliking van sy traagheid aanvaar behoort te word. Indien Collins se gevoel van jammerte ook 'n beduidende faktor in sy besluit was, soos hy aan die hand doen die geval was, dan is die verduideliking vir die vertraging wat die Hof a quo as "grondige rede" beskou nie ten volle aanvaarbaar as die enigste of selfs 'n betekenisvolle rede nie.

Met inagneming van die faktore hierbo genoem nl die
versuim van die Hof a quo om behoorlik ag te slaan op Collins se misdadige agtergrond en tekortkominge in sy karakter, sy redelike moontlike noue verband met Spyker en sy meegevoel met die oorledene se seun sowel as die onbevredigende toepassing van die versigtigheidsreël met betrekking tot medepligtiges, is dit, na my mening, uiters gevaarlik om saam te stem met die Hof a quo se bevinding dat daar op Collins se getuienis staatgemaak kan word. Dit is te meer die geval indien voor oë gehou word dat daar nie 'n grieseltjie bloed by of naby die beweerde slagplek of aan enige van die appellante se klere gevind is nie en dat die kometers waarin die lyk toegedraai was en bebloed moes gewees het, nooit gevind, aan die

Hof vertoon is of met die appellante verbind is nie.

In sy betoog voor ons het die advokaat vir die Staat daarop gewys dat die appellante leuenagtige en swak getuies deur die Hof a quo bevind is, en dat dit die saak vir die Staat versterk. Vir die doeleindes van hierdie uitspraak kan aanvaar word dat hierdie bevindinge tereg gemaak is. Leuenagtigheid tel natuurlik teen 'n beskuldigde en kan bydra tot sy skuldigbevinding mits daar ander gronde vir die skuldigbevinding bestaan. Die onaanvaarbaarheid van die getuienis van Ann Cornelius, Eva Felix en Brian Collins en die uiters swak gehalte daarvan skakel egter in hierdie saak sodanige ander gronde uit. Die eindresultaat is dat daar geen geloofwaardige getuienis aangevoer is wat die appellante

aan die gepleegde misdade verbind nie.

My gevolgtrekking is dus dat die skuld van die
appellante nie buite redelike twyfel bewys is nie en dat
die appèlle behoort te slaag. Die skuldigbevindinge en
vonnisse word tersyde gestel.

APPELREGTER

TRENGOVE, AR)

stem saam

HOEXTER, AR)